

Die hand in eie boesem

Uitgawe 82: Mei 2018

Die gebruik van mediese siftingstoetse is gevestigde praktyk. Afhangende van jou ouderdom en geslag, het die meeste van ons in die verlede een of ander vorm van mediese toets ondergaan. Voorbeelde kan 'n glucose-, cholesteroltoets of 'n mammogram wees. Die doel van 'n siftingstoets is om 'n potensiele gesondheidsversteuring of siekte op te spoor waar daar nie noodwendig enige simptome mag wees nie.

Hieronder is dalk 'n paar eenvoudige vrae wat u kan help om u finansiële gesondheid te peil. Sou jy "NEE" geantwoord het op enige van hierdie vrae, kan dit 'n aanduiding wees dat daar 'n geleentheid is om jou finansiële welstand te verbeter.

1. Het jy onlangs jou testament met 'n onafhanklike deskundige nagegaan?

Daar is sekere wettige formaliteite wat 'n testament se geldigheid bepaal. Indien 'n testament nie aan al hierdie vereistes voldoen nie, kan die dokument ongeldig verklaar word. Dit kan verreikende gevolge hê vir die erfenis van 'n oorledene. Ons kom dikwels testamente teë wat nie korrek geteken is nie. Die aanstelling van 'n eksekuteur, die skep van 'n testamentêre trust vir die erfenis van minderjariges, die aanstelling van voogde van minderjariges en die hersiening van jou testament na 'n egskeiding is o.a. aspekte wat noukeurige aandag verg.

2. Is jy bewus van die verskillende kostes wat verband hou met jou beleggings?

Selfs al is daar vandag beter deursigtigheid t.o.v. koste in die finansiële dienste bedryf, bly hoë en/ of verborge fooie 'n struikelblok vir jou finansiële welstand. As 'n duimreël, onderskei ons tussen drie lae koste wanneer dit by effektrustbeleggings kom, nl.:

1. Die adviseursfooie;
2. 'n Jaarlikse administrasiefooie, en;
3. 'n Fonds- of batebestuursfooie (dit mag dikwels 'n prestasieformule insluit).

Al drie komponente bepaal die totale fooi van 'n belegging; ook bekend as die "Effektiewe Jaarlikse Koste".

3. Weet u hoeveel kapitaal nodig is om u afhanklikes se lewenstyl te onderhou indien u sou sterf, of ongeskik verklaar sou word?

Daar is genoeg riglyne beskikbaar om die bedrag wat nodig sou wees in geval van dood of ongeskiktheid, te bereken. In baie gevalle vind ons dat persone óf oor-, óf onder gedek is op grond van hul lewenstylbehoefte. Dit is noodsaaklik om die nodige berekeninge en projeksies te doen. Persoonlike omstandighede mag verskil. Vir 'n gegewe vereiste inkomste moet jy die volhoubaarheid van 'n kapitale inspuiting met 'n veiligheidsfaktor bereken.

4. Indien u in die akkumulasie fase sou wees, dra u die maksimum toelaatbare bedrag by tot 'n aftreefonds?

SAID laat belastingaftrekkings toe vir bydraes tot 'n geregistreerde pensioen-, voorsorg- of uittree-annuïteitsfonds ter waarde van 27.5% van die grootste van u belasbare inkomste, of vergoeding. Hierdie korting is beperk tot 'n jaarlikse plafon van R350 000. Om bydraes tot 'n aftreefonds te maak, lei tot onmiddellike belastingbesparing gelykstaande aan u

belastinggrenskoers. Alle pensioenfondsbydraes moet geëvalueer word in die konteks van elke kliënt se individuele kontantvloei-behoefte, asook die noodsaaklikheid om skuld te delg. Die toedeling van kapitaal tussen diskresionêre- en aftreefondse kan 'n belangrike oorweging wees.

5. Het u genoeg fondse vir noodgevalle opsy gesit?

Goeie beplanning sorg dat persone vir tussen 3 tot 9 maande se lewensuitgawes vir noodgevalle voorsiening maak. Hierdie fondse moet maklik toeganklik wees en beskerm word teen markskommeling. Indien u toegang het tot u verbandlening, kan dit ook as 'n gebeurlikheidsmaatreeël dien.

6. Weet jy wat die koopkrag van jou kapitaal sal wees sodra jy afskaal, of ophou werk?

Terwyl mense vir eendag spaar, kan hulle in 'n vals gevoel van finansiële sekerheid verval. Projeksies m.b.t. die verwagte beleggingswaarde by aftrede verteenwoordig dikwels nie behoorlike belastingberekeninge nie. Verder is 'n verwagte fondswaarde net sinvol, sou u inflasie ingereken het. Alhoewel dit dalk voor die handliggende mag lyk, is dit redelik algemeen dat individue nie besef dat hul beleggings so mettertyd verwater nie.

7. Kan jy die volhoubaarheid van jou kapitaal by aftree-ouderdom bereken?

Beleggers, of afggetredenes weet selde hoe lank hulle hul lewenstyl met die beskikbare fondse kan handhaaf. Verskillende tipes belasting, stygende lewenskoste (veral medies), ondergemiddelde beleggingsopbrengste en langer lewensverwagting kan almal 'n negatiewe uitwerking hê op die volhoubaarheid van jou kapitaal. 'n Finansiële plan met die betrokke koopkragprojeksies is na ons mening noodsaaklik om die hierdie risiko mee te bestuur.

Enkele kommentaar oor die finansiële markte

Die afgelope paar jaar was vir Suid-Afrika uitdagend. Ten spyte van die onlangse positiewe politieke ontwikkelinge, was die Johannesburgse Algehele Aandeelindeks (JSE ALSI) se rendement oor die afgelope 3 jaar slegs benaderd 5% per jaar. Selfs buitelandse beleggings het nie beduidend beter gevaar nie met die All Country World Index wat 'n skamele 7% in Rand-terme gebied het. Hierdie ondergemiddelde mark-opbrengste het tot swakker portefeulje opbrengste vir beleggers gelei. Ons wil kliënte aan die volgende feite herinner:

- Oor die algemeen neig markte terug na die langtermyn-gemiddelde. Ons moet geduldig wees;
- Inflasie syfers het ook afgekom wat nogtans 'n reële opbrengs verseker het; d.w.s. bo inflasie;
- Die gemiddelde opbrengs vir die JSE oor die afgelope 50 jaar was meer as 6% bo inflasie;
- Afhangende van die onderliggende bates beweeg beleggingsprestasie ongelukkig deur siklusse - soortgelyk aan die seisoene van die natuur;
- Deur voortdurend "oor te skakel" of tussen strategieë en fondse te skuif (dikwels om prestasie na te jaag), kan beleggers die risiko loop om "hoog te koop en laag te verkoop";
- Ons moedig beleggers aan om by 'n langtermyn finansiële plan te hou.